


## Is daar hoop na die dood?

Michael Jackson se ontydige dood op 25 Junie 2009 het die wêreld geskok. Tydens sy roudiens op 7 Julie by die Staples Center in Los Angeles het die aktrise, Brooke Shields, dapper gepoog om die Koning van Pop se aanhangers te troos deur tranerig te kla, "ons moet opkyk na waar hy ongetwyfeld in ŉ sekelmaan sit."

Wat het regtig van Michael Jackson geword? Waarheen gaan ŉ mens na die dood? Styg heiliges onmiddellik op hemel toe terwyl sondaars direk hel toe gaan? Is daar ŉ 'bewaartenk' genaamd die vaevuur? Glip ons die geesteswêreld binne om aan die oorkant rond te sweef? Wat van reïnkarnasie? Kan ons as muise terugkeer?

Ons wêreld is vol teenstrydige teorieë, maar ons sal net een bron raadpleeg - die Heilige Skrif. Die laaste Bybelboek, Openbaring, waarsku ernstig dat ŉ onsigbare gevalle engel, met die naam van Satan, "die hele wêreld verlei" (Openbaring 12:9). As dit waar is, kan ons nie verwag dat die meerderheid mense oor enigiets gelyk het nie, veral oor iets so belangrik soos wat met ŉ dooie gebeur nadat die predikant aan die einde van die begrafnis sê, "Want stof is jy, en tot stof sal jy terugkeer".

### Drie hoofsienings

Kom ons begin eenvoudig. Daar is drie hoofbeskouings oor die dood waaronder die meeste teorieë ressorteer.

**U is dood en dis klaar** – Hierdie siening is nogal gewild – alhoewel totaal hopeloos – en word verkondig deur dié wat glo dat die realiteit uiteindelik sal verval tot wat slegs die wetenskap probeer verduidelik. Hulle baseer hul denke op die dogma "wat jy sien, is wat jy kry" en neem aan dat die dood die einde beteken. Klaar. Ons sterf, vergaan in die grond, word wurmkos en dis die einde. Dis klaarpraat met ons.

**Die onsterflike siel** – Volgens hierdie tweede algemeen aanvaarde siening gaan slegs die liggaam tot niet, terwyl die Hoër Self of 'siel' verder reis - amper soos ŉ slang wat vervel. Verskillende gelowe verskil natuurlik dikwels oor waarheen die siel na die dood gaan, maar die basiese idee van 'sielsoorlewing' word deur die meeste aanvaar.

**Die sterflike siel en die opstanding** – Volgens die laaste siening verwys die woord 'siel' na die hele persoon en nie na ŉ bepaalde deel wat oorleef na die fisiese liggaam sterf nie. Toe God Adam geskape het, het Hy "in sy neus die asem van die lewe geblaas. So het dan die mens 'n lewende siel geword" (Genesis 2:7). Die mens het dus nie ŉ siel op sigself nie, hy is eerder ŉ siel. Toe die mens gesondig het, het die hele persoon - of siel - sterflik of aan die dood onderworpe geword.

Wanneer sondaars sterf, keer hulle terug na die aarde en "die asem van die lewe" keer terug na God. Hierdie "asem" is nie ŉ gees met bewustheid wat Johannesburg kan besoek nadat die gasheer in Pretoria begrawe is nie, maar eerder ŉ vonk wat in alles wat lewe voorkom. Hiervolgens is die afgestorwe persoon dood, maw onbewus, stil, aan die slaap in die graf tot die opstandingsmore.

Watter siening is korrek? Om mee te begin - ons verwerp ateïstiese nihilisme omdat ons glo dat God bestaan en dat sy Woord waar is. Daar is ŉ hemel, daar gaan ook ŉ hel wees. Wat van die ander twee sienings met hul teenstrydige idees oor die aard van die siel? Wat sê God se Boek regtig daarvan?

### Bybelfeite oor die dood

Soos ons reeds gesien het, leer die Heilige Skrif dat toe God Adam formeer het, "hy ŉ lewende siel geword het" (Genesis 2:7). Jare later het "sewentig siele" na Egipte toe getrek
(Exodus 1:5). Die konteks toon dat dit nie van sewentig geeste praat nie, maar sewentig lewende mense wat na Egipte toe gereis het. Begryp u dit? ŉ Siel is ŉ persoon.

Kom ons kyk na die volgende feit: Gevalle mense is nie onsterflik nie. As u die woord "onsterflikheid" in enige Bybelkonkordansie naslaan, sal u agterkom dat dit net op God betrekking het. 1 Timotheus 6:16 praat van God "wat alleen onsterflikheid besit" en dit is eers nadat sy heiliges tydens Jesus se tweede koms opgewek word, dat "hierdie sterflike met onsterflikheid beklee" (1 Korinthiërs 15:54) sal word. Dit spreek vanself dat sy heiliges nie met onsterflikheid beklee sal word as hulle reeds onsterflik is nie.

Die volgende punt: Die Bybel praat van die dood as ŉ "slaap". In die Ou Testament bid Koning Dawid vir beskerming, "sodat ek nie in die dood inslaap nie" (Psalm 13:4). Aan die einde van die wêreld, sal "die wat in die stof van die aarde slaap, ontwaak" (Daniël 12:2). Dus lê die dooies tot die opstandingsmore rustig "in die stof van die aarde" en slaap.

Hier is die uitklophou. Die Bybel sê uitdruklik "maar die dooies weet glad niks nie" (Prediker 9:5). "Niks" beteken niks. Nul. Vyf verse later maak Salomo dit duidelik "daar is geen werk of oorleg of kennis of wysheid in die doderyk waar jy heengaan nie" (Prediker 9:10).

Dawid beaam dit in Psalm 115:17, "Die dode en almal wat na die stilte neerdaal, sal die HERE nie loof nie". Die dooies slaap dus stilweg voort. Hulle juig nie daarbo of huil hieronder nie. Hulle kan ook nie ná hul begrafnis aan u deur klop nie. Met ander woorde, Michael Jackson is nie besig met sy beroemde maandans iewers in die ruimte nie. In plaas daarvan is hy dood, in sy graf, en wag op Jesus se wederkoms
(Hebreërs 9:27).

Die kern van die hele Bybel is wat met Jesus Christus sowat tweeduisend jaar gelede gebeur het. Tydens sy heilige bediening het ons Here duidelik voorspel dat Hy "gedood en op die derde dag opgewek sou word" (Matthéüs 16:21). Dit het net so gebeur. Onheilige hande het Hom gearresteer, geslaan en gekruisig. Paulus verduidelik wat regtig gebeur het - dat "Christus vir ons sondes gesterf het" (1 Korinthiërs 15:3). "Christus het gesterf" beteken dat Hy werklik dood was. Drie dae later het ŉ heilige engel aangekondig, "Hy het opgestaan uit die dode" (Matthéüs 28:7). Halleluja!

Jesus se opstanding gee ons hoop. Een van die dae – gouer as wat die meeste mense dink – gaan ons Redder met tallose engele na die aarde toe terugkeer "met groot krag en heerlikheid" (lees Matthéüs 24:30-31). Wanneer dit gebeur, stel Paulus dit duidelik dat dit die tyd is wanneer "die wat in Christus gesterf het, eerste sal opstaan" en dat "ons altyd by die Here sal wees" (1 Thessalonicense 4:16-17).

Gelowiges sal opgewek word "om by die Here te wees" wanneer Hy terugkeer.

### Drie hoofsaak

Die hoofsaak is dit: Ons weet die dood is ŉ werklikheid en dit maak seer. Tog, te midde van hartseer en verlies, is die Goeie Nuus dat Jesus ons liefhet. Hy het vir ons die sondestraf gedra, moes ŉ klam grafkelder binnegaan, is tot die lewe opgewek en het sodoende die dood en die graf oorwin. As ons op sy oorwinning staatmaak, kan ons ook die dood oorwin. Lank gelede het Jesus ŉ belofte gemaak aan die wat op sy liefde reageer, hulle van hul sondes bekeer en op sy genade vertrou, "Ek sal hom opwek in die laaste dag" (Johannes 6:44).

Sy belofte geld vandag ook vir u.

Skrifaanhalings kom uit die Bybel in Afrikaans, 1953.
© Bybelgenootskap van Suid-Afrika, 1953.
Gebruik met toestemming.
Voorblad ©www.typofire.com

GEE LIG AAN ONS WÊRELD

**Meer oor hierdie onderwerp**

Kyk na: www.hopetv.org/glow

HopeChannel
Kyk Hope-Kanaal op u TV
0860-467-388

**Vir gratis Bybelstudies en leesstof, kontak:**

E-pos: info.glowsa@gmail.com
Tel: (011) 616-6800
GLOW, Posbus 75700, Garden View 2047, RSA
**africa.glowonline.org**